Les 22

FAMILIE-FEES

DOEL: Help die kinders om te besef dat wanneer ons bymekaar en herenig is, dit 'n fees is.

HULPMIDDELS: Klaar gebakte kolwyntjies (of "cupcakes")
Bestanddele om kolwyntjies mee te versier:
vanilla, kleursel of geursel x 3, versiersuiker, botter, sif, "hundreds and thousands", vermicelli, sterretjies, asook asyn, koeksoda en sout
Bruin papiersakkies om bestanddele apart in te pak.
2 mengbakke en lepels
Kopieë van uitdeelstukke
Skryfbehoeftes
Groot velle papier of 'n witbord en nie-permanente koki

VOORBEREIDING

Stel die volgende 4 stasies in julle vertrek op, of gebruik meer as een lokaal:

Stasie 1: By hierdie stasie hoef jy net 'n syfer '1' teen die muur vas te sit. Speel hier die "Jakob-of-Esau-speletjie". *(Dit werk soos K r a p p e - e n - Kraaie en ons het dit by die hersieningsles aan die einde van die tweede kwartaal ook gespeel.)*

Stasie 2: Plak die kaart met vragies teen die muur en sit 'n rooi koki en sterretjies neer vir elke groep of kind om die spesifieke plekke op die kaart aan te dui.

Stasie 3: Gee aan elke kind die uitdeelstuk met die gediggie en help hulle om elkeen hul eie unieke gediggie oor die jaar te skryf.

Stasie 4: Gee aan elke kind 'n kopie van die "praatborrels" en laat hul dit voltooi deur te skryf wat hulle hierdie jaar geleer het.

INLEIDING

Gee aan elke groep of groeplid (afhangende van die grootte en samestelling van jou byeenkoms) 'n bruin papiersakkie met 'n bestanddeel of hulpmiddel om die versiering vir die "cupcakes" te maak. Vertel aan hulle dat ons vandag op 'n reis gaan en dat hierdie ons bagasie is. Ons kan nie daarsonder op reis gaan nie. "Besoek" nou elke stasie. *Laat die groepe roteer tussen die stasies, of neem die groep as geheel deur elke stasie.*

Laat almal weer bymekaar sit met hulle bestanddele nadat al 4 stasies gedoen is.

Lees: Genesis 45: 1-5 en 13-18

Verduidelik:
Vir die beste ("ultimate") familiefees is daar 'n paar dinge nodig:

- Almal moet daar wees. *Lees weer vers 13*. Dis baie sleg as selfs net een van die familie-lede kort. Veral as daardie persoon nie daar wil wees nie.
- Almal wat daar is, moet regtig wil kom en moet in 'n goeie bui wees.
- *Lees weer vers 4-5.* Elkeen moet hom/haarself gee vir die familie en 'n positiewe bydrae tot die fees maak. As dit nie so is nie, bring dit altyd spanning.
- As iemand bv. suur is *(laat die persoon met die asyn dit vorentoe bring)*,
- of as iemand heeltyd negatief is *(laat die persoon met die sout dit bring)*
- of as iemand net altyd wil baklei *(laat die persoon met die koeksoda dit bring)*, bring dit baie slegte emosies.

Gooi nou in die een bak die sout en die koeksoda bymekaar en dan die asyn.
Dit sal ewe skielik opkook en borrel. Dis wat by familiefeeste gebeur wanneer party familielede nie wil saamwerk nie.
Pak nou die ander positiewe goed uit en maak die versiersuiker aan *(gebruik die botter en versiersuiker)* en laat die kinders die kolwyntjies versier.
As alles klaar versier is, hou 'n familiefees as afsluiting vir die jaar!!

Vir Stasie 2:

Trek 'n rooi streep om Jakob se reis te wys. Begin by Jakob se geboortedorp. *(Gen 28:10)*

Plaas 'n sterretjie waar Jakob van die leer na die hemel gedroom het. *(Gen 28:11-19)*

Teken 'n hartjie waar Jakob vir Ragel ontmoet het.

Trek 'n sirkel waar Jakob gestoei het.

Teken 'n vierkant waar Jakob 'n huis gebou het. *(Gen 33:17)*

Vir Stasie 3:

Antwoord die volgende vragies, elkeen in ‘n ander lyntjie en kyk hoe mooi kom jou gediggie uit:

Lyn 1: Jakob se storie
Lyn 2: 2 woorde wat die jaar beskryf
Lyn 3: 3 woorde wat julle die jaar gedoen het
Lyn 4: 4 woorde hoe jy voel oor die jaar
Lyn 5: 1 woord hoe jy die jaar gaan onthou

My voorbeeld oor my hond:
Lyn 1: Nina
Lyn 2: swart en rond
Lyn 3: spring blaf lek
Lyn 4: gelukkig vrolik geliefd bederf
Lyn 5: spesiaal

Jakob se storie

_____ _____

_____ _____ _____

_____ _____ _____ _____

_____

Vir Stasie 4: